

**13 Oktober**

**Skrifgedeelte: Psalm 12**

**Fokusgedeelte: Psalm 12:7-9**

**Die Here hou oor jou wag ondanks valse gerugte wat oor jou versprei word**

Het dit al in jou lewe gebeur dat jy voel niemand is opreg teenoor jou nie? Jy hoor vroom woorde, maar agteraf word jy beskinder!?

In verse 2-3 verwoord Dawid hierdie gevoel. Saul vervolg hom. Sy vriende word vyande. In hierdie moeilike omstandighede roep Dawid om hulp – hy wend Hom na die Here toe wat uitkoms sal gee aan dié wat daarna smag (vs 6b). Dawid weet verseker daar is niks vals in wat die Here sê nie en doen nie. Sy woorde is suiwer soos silwer. Dawid weet hy kan op die Here staatmaak, want Hy bewaar sy kind van alle valsheid.

Wanneer mense vals teenoor jou optree in wat hulle sê en wat hulle doen, kan jy weet God hou oor jou die wag. Sy woorde, soos wat ons dit lees hier in sy Woord, is betroubaar. Dit sal altyd daar wees om jou te vertrou en te versterk en vrede in jou binneste te gee.

God het immers dié Woord gestuur om mens te word en onder ons te kom woon. Jesus Christus self het onder die valsheid van mensewoorde gely. As gevolg van valse getuienis is Hy ter dood veroordeel.

In Christus het jy die versekering dat die Here altyd oor jou die wag hou en jou sal beskerm teen sulke mense.

*Sing: Psalm 119:15 (1936-beryming)*

*Ds AH Steyn (Lydenburg)*